# III. DIE INLEIDING VAN 'N PREEK

11. *J. H. VAN WYK* e.a.: Geloofsleer en Sedelaar; leerboek vir St. 10-leerlinge, 292 bl., Interkerklike Uitgewerstrust (Pretoria, Potchefstroom en Kaapstad), 1968.

'n Mens kan nie anders as om groot bewondering te hê vir vier godsdiensdosente van verskillende Onderwyskolleges wat so 'n ontsaglike taak aangepak het nie: die daarstelling van 'n dogmatiese leerboek vir st. 10-leerlinge. Uit die Woord Vooraf blyk egter dat dit 'n nadere sistematisering van 'n ouer handboek was wat deur teoloë geskryf is. Nogtans, dit bly 'n moeilike en groot werk!

As ons nou die inhoud van hierdie leerboek nagaan, kom ons gou agter dat dit niks anders is as 'n vertolking van die gereformeerde waarheid volgens die drie formuliere van enigheid nie. Dit verbly ons, want daardeur word die godsdienstige erfenis van ons volk soos wat tradisioneel deur ons voorouers bely is, bewaar.

Natuurlik sal kritiek op baie punte kan ingebring word, maar billikheidshalwe moet ons noem dat dit grotendeels as gevolg van die uiters moeilike taak wat die skrywers moes uitvoer, is, nl. om die hele gereformeerde leer bondig saam te vat. Noodwendig is daar dan onvolledigheid en onvolledigheid bring misverstande. Uiters moeilike begrippe waaroor dik teologiese boeke geskryf is, moet hier in 'n paar sinne weergegee word.

Waarskynlik vanweë bogemelde rede, nl. die strewe na beknoptheid, is hierdie leerboek dan ook besonder „dogmaties", d.w.s. die uitgangspunt is die dogma van die kerk. Sekere dogmatiese onderskeidings soos bv. „uitwendige roeping" en „inwendige roeping" (bl. 113 vv.), wedergeboorte „in engere sin" en wedergeboorte „in ruimere sin" (bl. 109 vv.), „wortelbekering" „in drie momente" ens. is nie Skriftuurlike formuleringe nie, maar in sekere sin skoolse, dogmatiese begrippe wat as daar nie 'n baie goed-onderlegde onderwyser is nie, verwarrend en vaag kan wees. 'n Mens kry veelal die indruk dat vanuit die leer (en dan is dit in baie gevalle interpretasies van die leer) na die Skrif gegaan word om die lading te dek. Dit bly altyd die gevaar as daar vanuit 'n voor-opgestelde skema (al is dit die 12 artikels) gewerk word.

Nog 'n paar kritiekpunte: Die skrywers se verklaring van die sonde teen die Heilige Gees, gaan hopeloos mank. Om te beweer: „Die sonde teen die Heilige Gees vind plaas wanneer die mens teen sy beterwete in, God se geopenbaarde waarheid verwerp" (bl. 71) is te simplisties. Dit is tog 'n *onvergeeflike* sonde (Mat. 12:32) en daarom *kan* dit nooit deur die kind van God gedoen word om hom daarna weer te bekeer nie. Selfs bekering sal niks help nie. Die

sekerheid vir die mens dat hy nie hierdie sonde doen nie, kan ook nie in onsself, „dat ons huiwer" gevind word nie, maar in die belofte van die Evangelie.

I.v.m. Pinkster. Die skrywers sê: „Daar het 'n sterk wind gekom . . ." maar dit moet tog wees „'n *geluid soos* van 'n geweldige rukwind . . ." ens. (bl. 107). Die volgende uitdrukking op dieselfde bladsy is uiters verwarrend: „In die Ou Testament is die Heilige Gees wel werksaam, maar net voorlopig." Dit is veral hierdie woord „voorlopig" waarteen ons dit het. Kan ons ooit sê dat God in die O.T. „voorlopig" werk?

Ten slotte wil ons tog die lees van hierdie boek sterk aanbeveel. In die skool sal dit egter sonder n' onderwyser met 'n baie deeglike Skrifkennis nie die doel dien wat dit behoort nie.

V. E. d'A.